REEKS

DIE BYBEL in 'n neutedop

Rut

—deur Peter Hammond

"Want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God." Rut 1:16

Hongersnood in die land

In die dae toe die rigters regeer het, was daar hongersnood in die land van Israel. Elimelek het sy vrou, Naomi, en hulle twee seuns, Maglon en Kiljon, weggeneem uit Betlehem in Judea na die land van Moab. Betlehem beteken 'die huis van brood' en tog was daar hongersnood in Betlehem. Die land wat vloei van melk en heuning, is deur God geoordeel met hongersnood. Die naam Elimelek beteken 'my God 'n Koning'. Naomi beteken 'lieflikheid'. Hulle kinders se name was egter Maglon (siekte) en Kiljon (wegkwyn).

Die rabbi's van Israel het geglo dat Elimelek se gesin Israel tydens die dae van Ehud verlaat het, en dat Naomi en Rut gedurende die rigterskap van Debora teruggekeer het. Daar word ook geglo dat Samuel die boek Rut geredigeer en by die Skrifte ingesluit het.

Elimelek het God nie geëer nie deur sy gesin vir so 'n lang tyd in die heidense land te laat woon en het en 'n slegte voorbeeld gestel. Sy seuns het met Moabitiese vroue getrou en daar word gesê dat Orpa na haar gode teruggekeer het (Rut 1:15). Dit wil voorkom asof die Moabitiese vroue hulle nie tot die Hebreeuse geloof bekeer het voordat hulle met die seuns van Elimelek getroud is nie. Naomi het eers haar eggenoot, en toe haar kinders verloor.

Moab het nou geen bekoring meer gehad nie en Naomi was vasberade om na Betlehem terug te keer. Orpa het haar skoonma gesoen en vaarwel toegeroep. Orpa se soen bewys dat sy Naomi liefgehad het en hartseer was om haar te verlaat, maar sy het Naomi nie lief genoeg gehad om Moab te verlaat nie.

Rut het egter 'n einde aan die debat gebring met haar plegtige verklaring van haar onwrikbare besluit om Naomi nooit te verlaat of na haar eie land en bloedverwantskappe terug te keer nie.

'n Tyd om te vertrek

Naomi het haar skoondogters aangemoedig om na hulle ouerhuis terug te keer. Sy het hulle met hulde en 'n gebed weggestuur: *"Julle moet liewer teruggaan na julle ouerhuise toe. Mag die Here Sy liefde aan julle bewys, soos julle aan die oorledenes en aan my liefde bewys het. Mag die Here vir julle elkeen weer 'n goeie man en 'n heenkome gee."* Rut 1:8-9.

Ontmoediging of onderskeiding?

Was dit reg van Naomi om haar skoondogters te ontmoedig om saam met haar te gaan wanneer sy hulle moontlik uit die afgodediens van Moab kon red deur hulle saam met haar te neem en hulle tot geloof en aanbidding van die God van Israel kon bring? Naomi wou heel moontlik gehad het dat hulle moet saamkom, maar sy wou hê dat hulle 'n doelbewuste keuse moes maak en weet wat dit hulle gaan verg (Matt 8:19-20).

Vasberadenheid en toewyding

"Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God my God." Rut 1:16. Hier het ons vasberadenheid, toewyding en bekering. Rut se lojaliteit en vasberadenheid weerklink deur die eeue heen en verskaf 'n sterk getuienis en inspirerende voorbeeld aan ons elkeen.

Beleefd, vriendelik en 'n besliste houding

Rut lewer 'n bewonderenswaardige getuienis. Sy is beskeie, beleefd, lojaal, verantwoordelik, saggeaard, en tog kon sy beslissend optree. Rut blyk altyd die regte ding op die regte tyd te doen en sy doen dit met grasie.

Rut het nooit afgewyk van haar onselfsugtige doelwit gedurende die vele beproewinge wat gevolg het nie. Sy het nie gekla nie, omdat sy alles reeds prysgegee het: haar land, haar verhoudings, en die kans om met 'n man uit haar eie land te trou. Sy het alles prysgegee met die vasberadenheid van berusting. Toe Naomi sien dat Rut vasberade is, het sy nie meer gepoog om Rut te probeer ompraat nie. Hulle het beide hulle oë vasbeslote op Israel gerig; die jong en beeldskone Rut en die ouer en wyse Naomi.

Rut het 'n bewonderenswaardige getuienis. Sy is beskeie, lojaal, beleefd en verantwoordelik.

'n Moeilike reis

Die afstand wat hulle moes reis, was minder as 200 km, maar dit was 'n uitmergelende en gevaarlike reis te voet. Twee vroue op hulle eie, sonder geld of beskerming, met geen vervoer nie, moes teen berge opstap en in diep valleie afdaal en deur die Arnon- en Jordaanrivier kom. Die reis sou hulle deur afgeleë plekke neem waar hulle erg beproef sou word.

Die regte plek op die regte tyd

Hulle het tydens aanvang van die garsoes in Bethlehem aangekom. Dit was die eerste van die oeste, met die koringoes kort daarna. Hulle het nou 'n geleentheid gehad om vir die komende winter te voorsien.

Optel van graanare

Wanneer ons God as ons God aanneem, moet ons Sy volk as ons volk aanneem en gewillig wees om die goeie te geniet sowel as die slegte te verdra. In Bethlehem moes Rut die nederigste van alle take doen om vir haarself en haar skoonma te sorg. Die optel van graan was 'n bepaling in die wette van Israel oor versorging van die armes.

Die armes is toegelaat om die graansnyers te volg en al die graan wat geval het, of agtergelaat is, op te tel. Dit was nie gratis aalmoese wat uitgedeel is nie; dit was harde, uitputtende werk wat lank geneem het. Dit is duidelik dat Rut 'n gesonde werksetiek »

Die Bybel in 'n neutedop

Rut

'n Voorouer van Dawid

Obed was die vader van Jesse, wat die vader van Dawid was. Rut, die Moabitiese vrou wat gekies het om haar skoonma, Naomi, te volg toe sy teruggekeer het na Bethlehem, het die God van Israel aangeneem en die oumagrootjie van koning Dawid geword, en sodoende 'n voorouer van die Messias.

Boas

Boas word beskryf as 'n magtige man met groot rykdom en aansien. Die naam Boas beteken, 'in Sy krag'. Die eerste keer wat ons van Boas lees, is wanneer hy opdaag om die graansnyers te bemoedig: " *'Mag die Here by julle wees,' en hulle het hom geantwoord: 'Mag die Here u seën.'* " Rut 2:4. **Boas is klaarblyklik nie net 'n op en wakker meester nie, maar ook 'n Godvresende gelowige. Hy is ook oplettend en besorgd omdat hy navraag doen oor die meisie, Rut, wat graanare opgetel het.**

gehad het. Almal kon haar nederigheid en arbeidsaamheid sien. Sy het lank en hard gewerk, van vroeg in die oggend tot laat in die middag.

Boas se vrygewigheid

In die verhaal van Rut sien ons die voorsienigheid van God se hand. *"Sy het uitgekom by dié deel van die land wat behoort het aan Boas, 'n familielid van Elimelek."* Rut 2:3. duidelik 'n man van God, intelligent en oplettend. Hy het Rut se stille arbeidsaamheid, beskeidenheid en reinheid waardeer. Hy het voorsiening vir haar gemaak en haar genooi om vir die middagmaal by sy werkers aan te sluit. Toe Rut teen die einde van die dag met 'n maatemmer gort na Naomi terugkeer, en Naomi hoor dat die man wat so goedgunstig was Boas is, het Naomi gesê: *"Hierdie man is familie van ons."*

Boas is klaarblyklik nie net 'n op en wakker meester nie, maar ook 'n gelowige. Hy is ook oplettend en besorgd omdat hy navraag doen oor die meisie wat graanare opgetel het, Rut.

Boas het Rut bemoedig en het vrygewig voorsiening vir haar gemaak. Hy was goedhartig teenoor Rut en het haar guns betoon.

Hy het sy dienaars opdrag gegee om respekvol teenoor haar te wees en haar te help. Hy het haar vir haar ywer teenoor haar skoonma geprys en 'n seën van die Here God oor haar werksaamhede gebid. Boas was

'n Losser

Die Wet van God het voorsien vir 'n bloedverwant om 'n losser te wees wat onregmatige dood, soos in die geval van moord, te wreek (Num 35:19-21); om eiendom van 'n arm familielid wat genoop is om dit te verkoop, terug te koop; om hulle skulde te delg (Lev 25:25); om familielede wat in slawerny verkoop is, vry te koop, hulle skulde te delg en hulle vry te maak (Lev 25:47-49); en om met die weduwee van 'n gestorwe familielid te trou (Deut 25:5-10). Terwyl Naomi haar planne gemaak het om 'n goeie toekoms vir Rut te verseker, het die Wet van God dit alreeds gedoen.

Dit was inderwaarheid nie nodig om Boas met 'n skoonma se konkelary te manipuleer om sy plig te doen nie; hy was in elk geval daaraan toegewy om te doen wat reg is. Naomi het Rut aangeraai om haarself aan Boas se voete te plaas en sy beskerming as losser aan te vra. Boas toon eerbare en saaklike karaktereienskappe deur na die oudstes by die stadspoorte te gaan en die bloedverwant uit te vra of hy gewillig was om sy plig te vervul. Toe het hy almal openlik ingelig dat hy beoog om aan Rut, die Moabitiese vrou, die weduwee van Maglon, verloof te raak om sy vrou te maak.

'n Huwelik tot God se eer

Sommige mense het gepoog om die romanse in Rut as 'n voorbeeld van 'n gemengde huwelik te gebruik. Natuurlik was dit nie so nie. Die mense van Moab was afstammelinge van Lot, die neef van Abraham. Die rabbi's leer dat Rut goue, rooi hare en warm oë gehad het, en die Skrif sê dat Dawid rooi hare gehad het. Rut het haar tot Jahweh bekeer; sy het die volk, die kultuur, die taal en die God van Israel aangeneem.

'n Boek van wysheid

Rut het haar rug op die afgodery van Moab gekeer en die God van Israel aangeneem. Die boek Rut handel oor wyse keuses. Baie jare tevore het Josua die volk van Israel uitgedaag: *"Kies dan vandag wie julle wil dien… Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien."* Jos 24:15. Soos Salomo gebid het: *"Gee dus aan U kneg 'n opmerksame hart om reg te spreek oor U volk, om tussen goed en kwaad te onderskei…"* 1 Kon 3:9 (1933-vertaling), so het sowel Rut as Boas getuig van 'n onderskeidende hart.

Die boek Rut handel oor wyse keuses. Sowel Rut as Boas het onderskeidende harte gehad en hulle huwelik is in ooreenstemming met God se Wet aangegaan.

'n Roeping tot sending

Die verhaal van Rut is 'n voorbeeld van God se oproep aan die heidene. God se soewereiniteit is deurgaans in hierdie pragtige verhaal te sien. Ons kan sien hoe alles in die lig en in ooreenstemming met God se Wet gedoen is. Rut is uit onbekendheid en armoede na invloedrykheid en welvaart gelig. Vanuit die huwelik van Rut en Boas het 'n begunstigde bloedlyn ontspring, die huis van Dawid (Matt 1:5). Voor die geboorte van hulle seun, Obed (wie se naam 'dienaar' beteken), is Rut verseker dat haar kind se naam in Israel beroemd sou wees (Rut 4:14). Naomi is ingelig dat die kind haar op haar oudag sal verkwik. Haar bure, wat saam met haar verheug was, het gesê: *"En mag hy vir jou vreugde bring en jou op jou oudag versorg. Jou skoondogter wat jou liefhet en wat vir jou meer werd is as sewe seuns, het hom in die wêreld gebring."* Rut 4:15. ■

www.reformationSA.org